Swartland Wynkelder se Indalo wen trofee

by Decanter World Wine Awards

Swartland Wynkelder borg vanaf Junie altesaam 13 van die Roer!-kosmaak-programme op kykNET.

Swartland Wynkelder se Indalo Shiraz 2006 het in Mei vanjaar die Streektrofee vir die beste Suid-Afrikaanse Rooi Rhône-variëteit vir onder £10 by die Decanter World Wine Awards in Brittanje gewen.

"Hierdie Decanter-toekenning bevestig die sorgvuldigheid waarmee die druiwe geselekteer word en die kundigheid van ons wynmakers," sê die keldermeester Andries Blake.

Die Indalo-reeks van vyf enkel-kultivars is die Wynkelder se tophandelsmerk en is besig om wêreldwyd bekendheid te verwerf. Indalo het verskeie plaaslike en internasionale toekennings sedert die bekendstelling daarvan agt jaar gelede gewen. Hierdie toekennings bevestig die konsekwentheid en uitsoekgehalte waarna die keldermeester en wingerdboukundige streef. Indalo word van spesiaal geselekteerde bosstokwingerddruiwe gemaak wat in die ideale toestande van die Swartland-streek groei.

Die Indalo Shiraz 2006 is 'n vrugtige wyn met 'n donker, robynrooikleur wat swartbessie- en speserygeure op die neus vrystel. Rypbessiegeure word deur vanielje ondersteun om hierdie volronde wyn af te rond. Die wyn is heerlik om nou te drink, maar dit kan oor verouder word om die kompleksiteit daarvan te versterk. Shiraz se gewildheid het wêreldwyd toegeneem en hierdie spesifieke oesjaar is 'n uitstekende verteenwoordiging van die Swartland-streek se voortreflikheid in rooi kultivars.

Bronsmedaljes is by die Decanter World Wine Awards toegeken aan al die ander kultivars in die Indalo-reeks: Indalo Pinotage 2006, Indalo Cabernet Sauvignon 2007, Indalo Chenin Blanc 2008 en Indalo Sauvignon Blanc 2008.

Indalo-wyne word in beperkte hoeveelhede in 'n afsonderlike klein boetiekkelder gemaak. Die keldermeester en wingerdboukundige soek die beste blokke van elke variëteit om optimale karakter eienskappe van die verskeie wyne te verseker. Al vyf kultivars in die reeks bied 'n klassieke en gesofistikeerde byvoeging tot elke wynkenner se versameling.

Swartland Wynkelder, wat een van die top tien wynuitvoerders in Suid-Afrika is, is trots op sy internasionale prestasierekord. Meer as 65 ledeboere lewer druiwe aan die Wynkelder, en die seleksie van die druiwe en presisie waarmee dit verwerk is grootliks verantwoordelik vir die deurlopend goeie gehalte van die wyn wat geproduseer word.

Die aantal maatskappye wat wyn vir vanjaar se Decanter World Wine Awards ingeskryf het, het met 23% toegeneem. Decanter, as die wêreld se grootste wynkompetisie, ontvang dus meer inskrywings as enige ander wynkompetisie in die wêreld. Altesaam 10 285 wyne is ingeskryf en dit is meer as dubbel die aantal wat ingeskryf is toe die kompetisie ses jaar gelede bekend gestel is.

Decanter is die mees gerespekteerde mediahandelsmerk in die wêreld. Swartland Wynkelder is met reg trots op die medaljes wat hy by die Decanter World Wine Awards verower het.

SWARTLAND WYNKELDER

Posbus 95 Malmesbury 7299 • www.swwines.co.za
Tel: 022 482 1134 • Faks: 022 482 1750

santam

1659

Nie te koop aan persone onder 18.

CATAPULT SWL643